# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (18/10)

*Justin Chadwick (7 Mei 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK *"Nobody realizes that some people expend tremendous energy merely to be normal" Albert Camus*

## WEES SEKER VAN WAT U BESLUIT OM TE PLANT

Privaat kultivarmaatskappye het na deregulering 'n gaping gevul en het enkele opwindende en lonende nuwe produkte aan die suider-Afrikaanse sitrusbedryf voorgestel. Produsente moet egter versigtig wees dat hul nie te veel druk op hierdie maatskappye plaas om kultivars vry te stel alvorens dit voldoende geëvalueer is nie. Met die aanplanting van die verkeerde soort kool of groenmielie kan u winste minder wees, maar om die verkeerde sitruskultivar te plant het meer ernstige, lang termyn gevolge. Alle sitrusprodusente weet hoe lank dit vir 'n boord neem om gelyk te breek en as die keuse van kultivar verkeerd is, is die finansiële gevolge verskriklik. Produsente word aangemoedig om te verseker dat die kultivar wat hul aanplant, **deeglik** deur **'n onafhanklike kundige geëvalueer is.** Die beste is om te verseker dat CRI die evaluering gedoen het. Indien enige inligting benodig word, kontak asseblief vir Andy Lee by 072 9920892 of 041 9911300. Maak seker dat die evaluering in u streek gedoen is – spesifieke klimaatstoestande, ens sal 'n invloed hê op hoe die kultivar op u plaas doen. Wees versigtig wanneer 'n kultivar-eienaar u vra om 'n vrywaring met betrekking tot die prestasie van die kultivar te teken – u mag vind dat dit nie behoorlik in u streek getoets is nie. Natuurlik is daar voordele in as u 'n vroeë verkryger van 'n nuwe kultivar is – en as dit werk kan u, u bure die loef afsteek en nis voordele verkry soos hulle probeer inhaal – MAAR WEES BEWUS VAN DIE RISIKO'S. Die punt is by die onlangse vergadering van die Suurlemoen Fokusgroep uitgelig waar die meeste streke aangedui het dat 'n suurlemoenkultivar, wat onlangs vrygestel is, onder presteer het en baie boorde weens swak opbrengste, swak tydsberekening en siekte probleme uitgetrek is.

## SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

Die volgende CMF sal op **DONDERDAG 27 MEI 2010** om **10:00** gehou word. Die vergadering sal by die gewone plek (Willow Park Konferensiesentrum) plaasvind – pendelbussies is vanaf OR Tambo Lughawe beskikbaar (reëlings moet vooraf getref word). **MET DIE WISSELKOERS WAT 'N SLEUTELFAKTOR IN DIE UITVOERE VAN 2010 GAAN WEES, GAAN KUNDIGES VAN TREASURY ONE DIE SAAK BY DIE CMF AANSPREEK.**

## GLOBALE SITRUS KONFERENSIE

Soos die jaar vorder is daar slegs twee maande oor voor die Globale Sitrus Konferensie (8 en 9 Julie in Kaapstad, meer inligting op www.gcc.co.za). Bekende kundiges wat leiers in verskeie velde is, is as sprekers bevestig. Hierdie sprekers sal in die volgende paar nuusbriewe bekend gestel word. Volgens my opinie is die beste navorser van globale vars produkte in die wêreld, **Eric Imbert** van CIRAD in Frankryk; en sy tydskrif, Fruitrop kyk altyd na vars produkte vanuit 'n anderse, maar tog baie ingeligte hoek; met die beste grafika wat ek nog ooit in enige ander tydskrif gesien het. Eric is baie betrokke in die Mediterreense sitrusbedryf CLAM en word ook dikwels in ingeroep om inligting en advies aan die liggame van die Europese Unie te verskaf. Gelukkig kon ons Eric kry om 'n aanbieding oor die stand van sake in die globale sitrus omgewing te doen – wie produseer wat en wat is die tendense in terme van verskillende lande se dinamika – watter lande toon groei en watter lande is besig om af te neem en hoekom. Daar is geen twyfel dat met Eric se grafiese voorstellings en versigtige navorsing dit 'n aanbieding sal wees wat nie gemis moet word nie.

## TRANSNET STAKING

Transnet se werkers gaan Maandag staak as gevolg van 'n dispuut in salarisverhoging. Transnet het kliënte ingelig dat gebeurliksheidsplanne in plek gestel is om te verseker dat besigheid soos altyd sal plaasvind. Vir meer inligting sien Mitchell Brooke se verslag op www.cga.co.za. Hierdie verslag verskaf ook die nuutste inligting oor Maputo en die pad na spoor inisiatief (genoem die CGA Logistics Newsflash). Maputo gaan natuurlik nie deur die staking geraak word nie.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die **suurlemoen** fokusgroep het hul skatting onveranderd gelaat , afnames in die noordelike areas weens die reën en die nodigheid om om pomelo's te begin pak word opgemaak deur die toenames in ander streke. By **Satsumas** is 1.72m kartonne van die oorspronklike 1.88m nou gepak – die nuutste voorspelling is 1.9 m kartonne. Met die afname in die mandaryne se skatting is die totale sagte sitrus se voorspelling van die oorspronklike skatting met 100 000 kartonne verminder.

**Rusland** bly vir baie uitvoerders die mark van keuse – hul absorbeer 77% van pomelo's, 32% van nawels, 30%van suurlemoene en 21% van sagte sitrus wat tot op datum uitgevoer is.

Alhoewel die Japanese voorraad van pomelo's hoog bly, het goeie verkope in laas week beteken dat die voorraadvlakke gedaal het en nou verteenwoordigend is van 5 tot 6 weke se verkope. Aangesien Swazi en Suid-Afrikaanse pomelo's in die hawe teen die eerste week in Junie gaan arriveer, blyk dit dat daar 'n gladde oorgang tussen noordelike- en suidelike halfrond se seisoene sal wees.

| Tot Week 17<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2008 | 2009 | 2010 | 2009 | 2010 | 2010 | 2010 | 2009 | 2009 |
| Pomelo's | - | 1.9m | 1.1m | 0.23m | 0.16m | 12.6m | 12.6m | 14.2m | 13.7m |
| Sagte Sitrus | - | 1.5m | 1.9m | 0.95m | 1.3m | 7.4m | 7.5m | 6.8m | 6m |
| Suurlemoene | 0.01m | 1.6m | 1.9m | 0.81m | 0.62m | 9m | 9m | 8.7m | 7.7m |
| Nawels | 0.02m | 0.29m | 0.34m | 0.03m | 0.03m | 21.5m | 21.5m | 19.4m | 19.1m |
| Valencias | 0.01m | 0.01m | 0.01m | 0.01m | 0.01m | 41.3m | 41.3m | 38.5m | 35.3m |
| | 0.04m | 5.3m | 5.25m | 2.03m | 2.12m | 91.8m | 91.9m | 87.6m | 81.8m |

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**